

Sing vooraf staande: Psalm 123:1 (p. 614)

- 1 Ek hef tot U wat in die hemel sit, / my oë op en bid.
Net soos die kneg sy oog nie weg wil weer nie, / of aftrek van sy heer nie;
en soos die diensmaagd smekend van haar vrou nie / die oë af kan hou nie –
so staar ons op die HEER tot daar van Hom / oplaas erbarming kom.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 118:1, 9 (p. 575)

- 1 Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd.
Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid.
Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!
- 9 Die Heer het my met sware slae / getugtig, maar nie tot die dood;
Hy 't my gehoor in donker dae / en my gered uit alle nood.
Ontsluit dan voor my pelgrimskrede / die poort van sy geregtigheid,
om God te loof wat my gebede / verhoor het in die dag van stryd.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 61:1, 6 (p. 298)

- 1 Neig, o God, tot my die ore! / Ver verlore, / ver van hulp en heil vandaan,
as my hart in my geen krag het, / al versmag het, / roep ek U as helper aan.
- 6 Send, o Heer, tot sy beskerming / u ontferming / en getrouheid as 'n wag.
Dan, dan loof ek, en dan sing ek, / en dan bring ek / U my offers dag ná dag.

Gebed

Psalm 63:1, 2 (p. 307)

- 1 My God, wat tog my lewe is, / hoe smag my hart as 'k U moet mis!
Ek soek U, HEER, terwyl ek kwyn / in sielsverlatenheid en pyn.
Ek smag soos alles hier om my / waar 'k swerf in wilde woesteny,
'n dor en uitgedroogde land / waarop die son se vlamme brand.
- 2 Ek het voorheen, in stille wag, / U in u heiligdom betrag,
waar U in glans, aanbidd'lik skoon, / en alvermoënd sit ten troon.
Want bo ons lewe in kommernis, / wat sonder U geen lewe is,
skat ek u grote goedheid, HEER, / waarvoor my mond U dankend eer.

Skriflesing: Johannes 6:1-40

Kernverse: Johannes 6:26-27, 35-36

Jesus antwoord hulle en sê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het. Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee; want Hom het God, die Vader, verseël.

En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie. Maar Ek het vir julle gesê dat julle My gesien het, en tog glo julle nie.
(Johannes 6:26-27, 35-36 AFR53)

Tema: Hoekom volg jy vir Jesus?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, om 'n volgeling van Jesus Christus te wees is vir baie mense in ons land nog iets prysenswaardig. Ons stel dit self hoog op prys as ons weet dat die dokter wat 'n operasie op ons moet uitvoer, 'n Christen is en ook bely dat sy hande werk in die hande van die Here is. Dit stel ons gerus, want dan weet ons dat die dokter ook weet hy is geheel en al afhanklik van God. Ons doen ook graag besigheid by mense wat ons ken. En as ons weet dat daardie besigheidsmense ook geloofsgenote is, is 'n mens geneig om met 'n geruster hart jou besigheid by hulle te doen. Daar is nog mense in ons land wat agting het vir Christene en hulle wil graag na die raad van Christene luister. Ons hoor dan ook hoeveel keer daar vanuit die wêreld buite die kerk geroep word dat die Christene met armoedeverligting en die morele opbou in die land moet help.

Miskien het dit met jou ook al gebeur dat mense graag jou raad gevra het omdat jy 'n Christen is. Miskien het jy ook al ervaar dat dinge vir 'n mens so 'n bietjie makliker gebeur as die ander mense weet dat jy 'n Christen is. Almal van ons sal saamstem dat dit darem tog lekker is om in aansien by ander mense te wees. Ons wil mos almal so nou en dan op die skouer geklop word. En as 'n mens se Christenskap dit kan veroorsaak, soveel te beter. Dit is juis oor hierdie soort aangename gevoel wat ons vanoggend gekonfronteer word. Ons word gevra: Hoekom volg jy vir Jesus? Hoekom woon jy eredienste by? Hoekom neem jy deel aan die Bybelstudie? Of, hoekom is jy nie deel van die Bybelstudie nie? Hoekom wil jy vanoggend saam met ander gelowiges nagmaal vier?

In die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk hoor ons hoe ons Here Jesus met vyf broodjies en twee vissies vir meer as vyf duisend mense soveel kos gegee het dat almal van hulle versadig geword het. Toe ons vroeër vanjaar by hierdie eerste vyftien verse stilgestaan het, het die Heilige Gees ons 'n kosbare les geleer. Ons het geleer dat as die Here oor ons en ons goed regeer en Hy dit verdeel, gebeur daar baie groter dinge as waarvan ons sou kon droom. Dit wat in die eerste vyftien verse gebeur, lyk vir my, het die Here die wonderteken onder andere gedoen om sy twaalf dissipels te onderrig. Met die gebeure wat volg vanaf vers 22 verskuif Jesus die fokus van sy onderrig van die twaalf dissipels af na die mense wat die voordeel geniet het om versadig te kon word met die vermeerdering van die vis en die brood.

Daardie selfde middag nog, nadat almal versadig geword het van die brood en vis uit die Here se hand, wou die klomp Jode Jesus met geweld koning maak. Die wonder-teken wat daar voor hulle oë plaasgevind het, was genoeg om hulle te oortuig dat Jesus regtig die Profeet is, die Een wat na die wêreld toe moes kom. Hierdie Jode was inderdaad reg. Jesus is die Profeet wat God by monde van Moses aan sy volk belowe het (Deut 18:15-22). Jesus is die Profeet wat die woorde wat Hy van God ontvang aan die volk leer. En die onderrig wat Jesus aan die mense gegee het oor die koninkryk van God was die bewys dat Hy dié Profeet is. Maar hulle skuif die onderrig van Jesus op die agtergrond en die wonderteken op die voorgrond en sê dat Hy die Profeet is wat God belowe het. En om hierdie rede wil hulle Hom koning maak.

In 'n mate kan 'n mens hierdie optrede van die Jode in Galilea begryp. Die Paasfees van die Jode was naby. In die maand voor die Paasfees het hulle alles gereed gekry vir die fees. En in die twee weke voor die Paasfees was dit omtrent al waaroor hulle gepraat het. Omdat Israel se geskiedenis en hoe die Here sy volk uit Egipte bevry het by hierdie fees aan die kinders oorvertel is, het daar 'n sterk nasionale gevoel by die Jode in die dae voor die fees geheers. Hulle is immers die volk van God aan wie Hy die Messias belowe het. Toe die klomp daar langs die See van Galilea die

wonderteken sien, was hulle oorstelp van blydschap. Hierdie Man is die Profeet wat moes kom. Daarom wou hulle Hom ook met geweld koning maak.

Jesus weet egter dat hierdie koningskap waarmee die mense Hom wil vereer nie volgens sy Vader se wil is nie. Die koningskap wat hulle in gedagte het is dieselfde as wat die Satan Hom aangebied het in die woestyn. Dit is 'n koningskap wat Hom van die wil van sy Vader af weg trek. Daarom het Jesus alleen verder teen die berg opgegaan. Hy weet dat die pad na die koningskap wat sy Vader aan Hom gaan gee nog eers deur die dal van doodskaduwee moet gaan.

Die volgende dag het die Jode wat van daardie brood en vis uit Jesus se hand geëet het, ywerig na Hom gesoek. Uiteindelik kry hulle Hom toe in Kapernaum. Baie nuuskierig vra hulle Hom toe:

Rabbi, wanneer het u hierheen gekom? (Johannes 6:25 AFR83)

Jesus laat Hom egter nie deur hulle nuuskierigheid om die bos lei nie. Hy is immers self God. Hy weet hoekom hulle Hom so graag soek. Daarom vertel Hy hulle nie van die wandeling op die see nie, ook nie van die storm op die see en die veilige aankoms saam met sy dissipels by Kapernaum nie. Op die man af en met Goddelike gesag sê Hy vir hulle:

Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het.

(Johannes 6:26 AFR53)

Broers, susters en kinders, met hierdie woorde ontbloom Jesus die gesindheid wat in die harte van hierdie Jode geleef het. Daardie uitroep van die vorige middag dat Jesus die Profeet is wat na hierdie wêreld toe moes kom, was nie omdat Hy hulle oor die koninkryk van God onderrig het nie, maar oor die brood. Hulle het die voordeel van God se seën geniet, maar die betekenis van die wonderteken het by hulle verbygegaan. Die heerskappy van God in hierdie wêreld en in besondere omstandighede en nood soos Jesus dit in die wonderteken geopenbaar het, het totaal by hulle verbygegaan. En Jesus wat agter die wonderteken staan? Vir hulle is Hy nie regtig die Messias op wie die Heilige Gees gekom het nie. Vir hulle is Hy maar net 'n wonderdoener wat voordelig is om te ken en te hê. As jy vir Jesus volg en Hom naby jou het, sal jy nooit weer swaarkry soos om gebrek aan kos te hê nie. Dit is hoe hierdie Jode geredeneer het.

Daarom vermaan Jesus hulle en spoor Hy hulle aan tot ywer vir dit waarop dit regtig aankom in hierdie lewe. 'n Mens moenie angstig wees en al jou kragte inspan vir kos wat vergaan nie. Die mens moet hom eerder daarop toelê om die kos wat nie vergaan nie, te verkry. Tot hiertoe sal 'n mens kan sê dat Jesus bo-oor die Jode se koppe praat. Maar in dieselfde asem sê Jesus watter kos dit is wat nie vergaan nie. Dit is die kos wat die ewige lewe gee. Met hierdie vermaning en aansporing wil Jesus die mense se gedagtes rig weg van hulle daaglikse en liggaamlike behoeftes en begeertes af na hulle ewige en geestelike nood.

Dit beteken egter nie dat ons nou nie meer hoef te werk vir kos en klere as ons die Here Jesus ken en Hom volg nie. Jesus leer ons net dat daaglikse brood en liggaamlike behoeftes en begeertes nie die oorheersende faktor in 'n mens se lewe moet wees nie. Dit moet vir ons in ons werk nie net daarvoor gaan om kos en klere te hê en 'n groot salaris te verdien nie. Die kos wat nie vergaan nie en wat die ewige lewe gee, moet ons beheers ook in ons daaglikse werk vir daaglikse behoeftes. Hierdie lewe en wat ons hier het, is nie belangrik nie. Hierdie lewe is net belangrik in soverre ons die Here met alles wat ons hier het verheerlik en ons gefokus bly op die ewige waarheen ons op pad is.

Jesus maak nog twee opmerkings om die uniekheid van die kos wat nie vergaan nie, te onderstreep. Eerstens, die Seun van die mens sal dit vir die mense gee. Uit die boek Daniël is dit al bekend dat die Seun van die mens 'n hemelse Persoon is wat in die laaste dae die oordeel en redding van God

sal bring. Die Seun van die mens kan dit doen, want, en dit is die tweede opmerking, God die Vader het Hom die mag daartoe verleen.

Die Seun van die mens het na hierdie wêreld toe gekom, nie om te doen wat Hy wil nie, maar om sy Vader se wil uit te voer. God die Vader het Hom bevestig en aangestel as Verlosser. By sy doop is Jesus deur God aangewys as die Seun van God en Hy is gesalf met die Heilige Gees om die Messias te wees. Daarom kan Hy die kos gee wat nie vergaan nie, maar Hy kan die ewige lewe gee.

En om alle twyfel en misverstand uit die weg te ruim, stel Jesus dit baie duidelik:

Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie (Johannes 6:35 AFR53).

Jesus Christus is die Seun van die mens. Hy is deur God self aangestel en bevestig as die Verlosser wat die redding van God na hierdie wêreld bring. En die brood van God wat Hy aan die mense oor die hele wêreld kom uitdeel, is nie iets nie maar Homself. Jesus Christus kom gee Homself sodat mense die ewige lewe kan hê.

Broers, susters en kinders, in ons op pad wees na die nagmaal word ons vanoggend gekonfronteer. Daar word vir ons gevra: Hoekom volg ons vir Jesus? En nou is dit nie die predikant of die ouderling wat hierdie vraag vir ons vra nie. Die Heilige Gees vra hierdie vraag met hierdie Skrifgedeelte. Die Here ons God vra dit vir ons.

Solank as wat daar nog tyd is, is hierdie vraag betyds en tydig. Terwyl daar nog tyd is – genadetyd – kan ons onself bekeer omdat die Heilige Gees ons met ons gewete voor Jesus stel. Laat ons nou hierdie vrae voor die Here beantwoord. Volg ons Jesus omdat dit vir ons voordelig is in hierdie lewe? Is ons Christene omdat die deure vir ons oopgaan en mense agting vir ons het? As dit die rede is hoekom ons vir Jesus volg, het die betekenis van die wonderteken ook by ons verbygegaan. Dan gaan ons verder as wat die Jode van destyds gegaan het. Hulle het Jesus gevolg omdat Hy die wonderdoener is by wie 'n mens nie broodgebrek sal ly nie. As ons Jesus net volg vir die voordele wat dit vir ons in hierdie lewe inhou, misbruik ons die Here. Dan is Hy vir ons – met respek gesê – maar net ons ouboet met wie ons die boelies in die lewe wil bangmaak, of die hefboom waarmee ons mense ten gunste van onself wil swaai.

Kom ons so af en toe in die erediens sodat die ouderling ons nie knaend moet vra waar ons was nie? Kom ons in die erediens sodat mense kan aflei dat ons regtig 'n verhouding met God onderhou? Hou ons Bybelstudie om onself te troos dat ons darem besig bly met die Woord van die Here? Geliefdes, as ons enigsins *ja* op hierdie vrae sou antwoord, is ons ook besig om Jesus te volg ter wille van die brood wat vergaan. Watter sin is daarin dat mense my in die erediens raaksien? Watter sin is daarin om die ouderling se mond stil te hou? Watter sin is daarin om myself in die gemoed te streel deur gereeld Bybelstudie te hou? Daar is nie sin in hierdie dinge solank as wat ons dit net vir hierdie lewe doen nie. Sonder 'n lewende verhouding met Hom wat deur God gestuur is, is erediens en Bybelstudie sinneloos.

En hoekom wil ons vanoggend nagmaal vier? Is dit omdat die nagmaal vir ons belangrik is? Is dit omdat ons dink dat as ons nagmaal gevier het, ons saak met God weer vir 'n slag reg is? Geliefdes, as dit ons motivering is om nagmaal te vier, wil ons die nagmaal vir onself en ons valse gerustheid gebruik. Dan wil ons die sakrament wat ons Here Jesus vir ons gegee het sodat die Heilige Gees ons verhouding met Hom kan versterk, gebruik omdat ons dink die nagmaal is belangriker as die Woord van die Here. En ons doen dit wanneer ons redeneer: Ek het darem nagmaal gevier, ek was vir 'n slag weer in die erediens, nou kan ek weer die seën van die Here op my en my goed verwag. Wie so redeneer, beywer hom net vir die brood wat vergaan.

Jesus sê: **Ek is die brood van die lewe** (Johannes 6:35 AFR53). Daarom, geliefde broer, suster en kind, moet dit vir my en vir jou in hierdie lewe gaan oor hierdie brood wat lewe gee. Dit moet vir ons gaan oor Jesus die Seun van God. As ek Hom volg, volg ek Hom omdat Hy Jesus Christus is. As ek naby Hom wil wees, is ek naby Hom om aan Hom die dank toe te bring vir die verlossing wat Hy vir my bewerk het. Die Heilige Gees bring Jesus met al sy werke in ons lewe in sodat ons nie vanweë ons sonde honger en dors sal ly nie. Hy maak ons deel van Christus en Christus deel van ons sodat ons voor ons hemelse Vader kan staan bekleed met Christus se lewe en skoon gewas met sy bloed.

Wie hierdie ware brood wat van God af kom soek, wie naby Jesus bly omdat Hy Christus die Seun van God is, sal nooit weer honger en dors kry nie. So iemand sal nie weer 'n erediens bywoon, nagmaal vier, Bybelstudie hou of watter goeie werk ook al doen om sy saak met God reg te maak nie. Jesus het daardie mens se saak met God reggemaak deur vir hom aan die kruis te sterf en uit die dood op te staan. Daarom gaan dit in hierdie lewe vir daardie mens om Jesus omdat Hy Christus die Seun van God is en om God omdat Hy God en Vader is. So 'n mens doen sy werk van Maandag tot Saterdag, woon eredienste by, hou Bybelstudie, vier nagmaal en doen goeie werke om God en Christus te dien, te eer en te verheerlik. Want so 'n mens weet dat hy sy lewe te danke het aan Christus, die brood wat ewige lewe gee. En as die Here dié mens seën met allerhande ander goeie dinge en voorspoed in hierdie lewe, is dit maar net 'n genadeloon waarop hy geen reg het nie.

Kom ons verootmoedig onself nou voor die Here wanneer ons sy Naam in gebed gaan aanroep.

Amen!

Psalm 139:1, 12 (p. 674)

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit eewige dieptes neer en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan, of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 12 Deurgrond, o HEER, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart; of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees. En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van eewige vrede.

Gebed

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Psalm 23:1, 3 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen, met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen: Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druipe olie en my beker vloei van wyn, 'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn; dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Aan tafel: Psalm 116 (p. 569)

Met die terugbeweeg: Psalm 111 (p. 553)

Slotgebed

Slotpsalm 145:1, 2, 3, 12 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd; u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit! Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.

- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wérk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die Heer!
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
24 Februarie 2013